

Vuk'uzenzele

'n Produk van die Regering se Kommunikasiediens (GCIS)

English/Afrikaans

Maart 2022 Uitgawe 1

Staatsrede 2022: Verbeter lewens en lewensbestaan

Die regering is daartoe verbind om die mense van ons land voorop te stel en het aan hulself 100 dae gegee om 'n plan te finaliseer wat alle sektore van die samelewing betrek in die ontwikkeling van Suid-Afrika se ekonomie, werkskepping en die bekamping van hongerte.

Dit is deur President Cyril Ramaphosa in sy 2022 Staatsrede beklemtoon.

“Dié werk sal voortbou op die grondslag van die ekonomiese heropbou- en herstelplan wat ons gemeenskaplike plan bly om die ekonomie te herbou,” sê hy.

Die President het gesê dat die regering se prioriteite behels om die koronavirus-siektepandemie (KOVID-19) te oorkom, infrastruktuur te bou, plaaslike produksie te verhoog, werke te skep en die energiekrisis aan te spreek.

“As daar een ding is waarop ons almal kan ooreenkom, is dit dat die huidige situa-



sie – van uiterse armoede, werkloosheid en ongelykheid – onaanvaarbaar en onvolhoubaar is.”

Werkskepping

Na aanleiding van die finansiële verwoesting wat deur KOVID-19 gesaai is, het die werkloosheidskoers in verlede jaar se derde kwartaal sy hoogste aangetekende vlak van 34.9% bereik.

“Ons almal weet dat die

regering nie werke skep nie. Besighede skep werke. Die regering se sleutelrol behels om toestande te skep wat die privaatsektor – beide groot en klein ondernemings – in staat stel om te ontwikkel, te groei, toegang tot nuwe markte te verkry, nuwe produkte te skep en meer werknemers in diens te neem,” sê hy.

Ongeveer 80% van werkende mense word deur die privaatsektor in diens

geneem.

Die President sê dat die regering 'n nuwe leningswaarborgskema bekend sal stel om klein ondernemings te help om te herstel.

Die presidensiële werkskeppingstimulusplan, wat reeds meer as 850 000 indiensnemingsgeleenthede ondersteun het, sal opgeskerp word. Die meeste begunstigdes was jongmense; meer as 60% was vroue.

Die werkskeppingstimulus sal die departement van binelandse sake in staat stel om 10 000 werklose jeugdiges te werf vir die digitalisering van papierargiewe en die maatskaplike indiensnemingsfonds sal 'n verdere 50 000 werksgeleenthede skep. Vanaf April 2022 sal die departement van hoër onderwys en opleiding 10 000 werklose tegniese en beroepsonderrig- en opleidingsgegradueerdes in werksplekke plaas.

Die SAYouth.mobi-platform, wat jong werksoekers help om toegang tot geleenthede en ondersteuning te verkry, het nou meer as 2.3 miljoen geregistreerde jeugdiges. Meer as 600 000 van hierdie mense is in indiensnemingsgeleenthede geplaas.

“'n Hernude nasionale jeugdiens sal in volgende jaar [2023] sy eerste kohort van 50 000 jongmense werf en geleenthede vir jongmense

Vervolg op bl 2



Om *Vuk'uzenzele* te lees, laai die GOVAPP af by:

Soek na SA Government op Google Playstore of appstore

KONTAK ONS

Webwerfs: www.gcis.gov.za E-pos: vukuzenzele@gcis.gov.za
www.vukuzenzele.gov.za Tel: (+27) 12 473 0103

Tshedimosetso House:
 1035 cnr Frances Baard and Festival streets, Hatfield, Pretoria, 0083

GRATIS NIE TE KOOP NIE



Einde van ramptoestand in sig vir SA



President Cyril Ramaphosa het onlangs in sy 2022 Staatsrede (SR) aangekondig dat die regering beplan om die nasionale ramptoestand te skrap namate die land 'n nuwe

fase in die hantering van die koronavirussiektepanemie (KOVID-19) betree.

“Ons is van plan om die nasionale ramptoestand te beëindig sodra ons ander maatreëls om die pandemie te bekamp, ingevolge die Nasionale Gesondheidswet en ander wetgewing, gefinaliseer het,” sê die President.

President Ramaphosa het op 15 Februarie 2020 die nasionale ramptoestand ingevolge die Wet op Rampbestuur verklaar en 'n reeks maatreëls aangekondig om die KOVID-19-uitbraak te bekamp.

President Ramaphosa sê dat byna alle beperkings op ekonomiese en sosiale aktiwiteit, grootliks te danke aan die entstofversprei-

dingsplan, reeds gelig is.

Hy het burgers daaraan herinner dat entstowwe die beste verdediging teen siekte, dood en KOVID-19 is, wat plaaslik nagenoeg 100 000 lewens geëis het.

“Ek het nog altyd volgehou, vanuit 'n persoonlike standpunt, dat as ek nie ingeënt was toe ek KOVID-19 in Desember opgedoen het nie, ek waarskynlik nie hier sou gestaan het nie,” stel hy.

Die President het die tyd geneem om Suid-Afrikaners aan te moedig om die lewensreddende inspuiting te kry, steeds basiese gesondheidsmaatreëls te volg en waaksaam te bly.

“Ons sal kan aangaan met ons lewens, selfs met die

virus in ons midde,” sê hy en voeg by dat die pandemie die skeiding tussen diegene wat werk het en werkloos vererger het.

Solidariteitsfonds

President Ramaphosa het aangekondig dat die solidariteitsfonds R3.4 miljard vanaf meer as 300 000 Suid-Afrikaners en maatskappye ingesamel het, terwyl meer as 400 individue en 100 maatskappye hul tyd en dienste vrywillig aangebied het.

“Die fonds het 'n sentrale rol gespeel in die ondersteuning van die nasionale gesondheidsreaksie en die verligting van die humanitêre krisis wat ons land en ons mense in die gesig

gestaar het.”

Hy het almal bedank wat tot die fonds bygedra het, waaronder sommige Parlementslede en ander inisiatiewe ter ondersteuning van diegene wat deur die pandemie geraak is.

Die President het ook hulde gebring aan die baie gesondheidsorg- en frontliniewerkers wat 'n sleutelrol in die stryd teen KOVID-19 gespeel het.

“Die nasie is baie dankbaar teenoor die toegewyde gesondheidswerkers en ander frontliniëpersoneel wat in dié tydperk hul eie gesondheid en lewens in gevaar gestel het om na siek en kwesbare mense om te sien,” sê hy. – SAnews.gov.za

Vervolg van bl 1

skep om by te dra tot hul gemeenskappe en hul vaardighede, en hul aanstelbaarheid te ontwikkel.”

MVN-toelaag duur voort

Die KOVID-19 fonds vir maatskaplike verligting van nood (MVN), wat meer as 10 miljoen werklose mense gehelp het, is vir 'n verdere jaar verleng, tot einde Maart 2023.

Die regering en sy vennote sal ook na maniere kyk om steeds mense in finansiële nood te ondersteun op 'n manier wat oor die langtermyn bekostigbaar vir die land is.

Toegang tot grond

Die regering gaan voort met grondhervorming en verwag vanjaar die goedkeuring van die Wetsontwerp op Onteining. Die stigting van die landbou- en grondhervormingsontwik-

kelingsagentskap sal ook vanjaar gefinaliseer word.

“Die departement van openbare werke en infrastruktuur sal die oordrag van 14 000 hektaar staatsgrond aan die behuisingontwikkelingsagentskap finaliseer,” sê die President.

Hy voeg by dat daar genoeg bewerkbare grond is om miljoene florerende kleinskaalse pluimvee-, vee-, vrugte- en groenteboere te ondersteun.

Meer as 100 000 boere het reeds insetbewysstukke ontvang om hul produksie uit te brei en die program sal uitgebrei word om meer boere te bereik.

Korrupsie en misdad

President Ramaphosa beweeg hemel en aarde – van die instelling van die Ondersekkommissie oor Staatskaping tot die ondersoek van KOVID-19-verwante ver-

krygingskontrakte – om korrupsie stop te sit.

“Geeneen van ons pogings om ons ekonomie te hernuwe sal slaag as ons nie die plaag van korrupsie vir eens en altyd aanpak nie,” sê die president.

Hy sal ten laaste teen 30 Junie 'n aksieplan na aanleiding van die kommissie se aanbevelings voorlê.

Hy verduidelik dat verskeie regeringsagentskappe saamgewerk het om oortreders te identifiseer, hulle te straf en die gesteelde staatsgeld terug te kry.

Veiligheid en sekuriteit sal versterk word deur die werwing van 12 000 polisiepersoneel en die hervestiging van gemeenskapspolisieringsforums.

Bestry GGG

Die regering sal vanjaar ook steeds die stryd teen geslagsgebaseerde geweld en vrouemoord (GGGV) versterk deur die implementering van die

nasionale strategiese plan vir GGG.

Drie nuwe wette is reeds in werking om die strafregstelsel te versterk en oorlewendes te ondersteun.

“Die implementasie van dié wetgewing sal van groot hulp wees om te verseker dat sake suksesvol geregteelik vervolgt word, dat oorlewendes beskerm word en dat daar doeltreffender afskrikmiddels in plek is.”

Een van die nuwe wette waarna President Ramaphosa verwys, is die Wysigingswet op die Strafrege en Verwante Aangeleenthede wat kwesbare mense teen sekondêre viktimisering beskerm. Dié Wet laat die howe toe om tussengangers aan te stel wat minderjariges, persone met gestremdhede en bejaardes in verrigtinge kan ondersoek.

Die President verwys ook na die nuwe Wysigingswet op die Strafrege (Seksu-

ele Misdrywe en Verwante Aangeleenthede) wat seksuele uitbuiting en seksuele voorbereiding van mense met geestelike gestremdhede verbied. Dié Wet stel ook dat seksuele oortredings teen mense wat geestelik gestremd is op die nasionale register vir seksoortreders (NRSO) aangeteken moet word.

Die Wysigingswet op Gesinsgeweld neem die gekompliseerdheid van gewelddadige gesinsverhoudings in ag. Dié Wet maak voorsiening vir die proses om beskermingsbevele te verkry en het die omstandighede waaronder daar vir 'n beskermingsbevel aansoek gedoen kan word, verbreed.

President Ramaphosa sê dat dié Wet ook bejaardes teen alle tipes gesinsgeweld beskerm en klaers ook toelaat om aansoek te doen, wat hul tyd en reiskostes spaar.



government communications

Department: Government Communication and Information System
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

Tel: 012 473 0353

Email: vukuzenzele@gcis.gov.za

Address: Private Bag X745, Pretoria, 0001

Acting Head of Editorial and Production
Tyrone Seale | tyrone@gcis.gov.za

Acting Editor-in-Chief
Zanele Mngadi | zanelemngadi@gcis.gov.za

Managing Editor
Irene Naidoo | irene@gcis.gov.za

Writers
More Matshediso
Silusapho Nyanda

Graphic Designers
Tendai Gonese | Benny Kubjana

Production Assistants
Jauhara Khan | Sebastian Palmer

Language Practitioners
Nomgcibelo Motha | Boitumelo Phalatse
Thandolunye Magudulela | Sizwe Ziqubu

All rights reserved. Reproduction of the newspaper in whole or in part without written permission is strictly prohibited.

Vuk'uzenzele
is published by Government Communications (GCIS)



Printed by:



Distributed by:

ON THE DOT



Privaatsektor én staatssektor belangrik vir ekonomiese groei

Namate ons ons ekonomiese groei en indiensneming skep, heers daar 'n groot debat oor die onderskeie rolle van die staat en sakelui om dié doelwitte te bereik.

Sommige mense het voorgestel dat ons 'n keuse moet maak tussen 'n ontwikkelingsstaat wat 'n kernbelangrike rol in ekonomiese en maatskaplike transformasie speel aan die een kant, en 'n lewendige, uitbreidende privaatsektor wat groei een indiensneming aandryf, aan die ander kant.

Die werklikheid is dat ons beide benodig. Ons benodig 'n bekwame ontwikkelingsstaat en 'n dinamiese en behendige privaatsektor. Ons benodig dat hulle saam werk en mekaar komplimenteer.

Dit is nie 'n nuwe idee nie. Die African National Congress het 30 jaar gelede, in 1992, 'n dokument getiteld "Gereed om te regeer" goedgekeur. Die dokument het beleidsriglyne vir 'n demokratiese Suid-Afrika uiteengesit en het, oor byna drie dekades, die beleidsrigting van opeenvolgende demokratiese administrasies beïnvloed.

Die "Gereed om te regeer"-dokument het 'n demokratiese staat beoog met die uiteindelige verantwoordelikheid vir "die koördinasie, beplanning en leiding van die ekonomie se ontwikkeling na 'n volhoubare groeipatroon",



in samewerking met vakkondbewegings, sakelui en ander instansies in die samelewing.

Dit het verwys na die behoefte vir ekonomiese beleid wat die ekonomie demokratiseer en produktiewe indiensnemingsgeleenthede teen 'n bestaansloon vir alle Suid-Afrikaners skep.

Die dokument beoog verder " 'n dinamiese privaatsektor wat die vaardighede en vernuf van alle Suid-Afrikaners gebruik ... en besigheidsaktiwiteite wat beduidend tot werkskepping bydra wat aktief aangemoedig word".

Ek het in die onlangse Staatsrede uiteengesit hoe die regering, sakelui en arbeid saam behoort te werk – deur elkeen gebruik te maak van sy unieke vermoëns – om werke te skep.

Een van die belangrikste drywers van groei en indiensneming is ondernemings in staatsbesit (SBO's).

Hulle genereer elektrisiteit, bestuur hawens, bou die paaie en verskaf die water wat die ekonomie benodig om te funksioneer.

Dié SBO's het sedert die begin van demokrasie toegang tot basiese dienste vir behoeftiges beduidend uitgebrei. Dit is waarom 'n kritiese deel van ons program dit behels om ondernemings in staatsbesit te versterk, tot finansiële welstand te herstel, bedryfsprestasie te verbeter en hierdie ondernemings in staat te stel om 'n meer prominente en voordelige rol in die ekonomie te speel.

Die staat, eg aan die rol wat in die "Gereed om te regeer"-dokument voorsien word, lei beide groei en transformasie deur hefbome soos mededingingsbeleid, breedgebaseerde swart ekonomiese bemagtigingsbepalings en indiensnemingsgelykheidswette asook deur die toestaan van verskeie lisen-

sies aan universele diens- en bemagtigingsverpligtinge te skakel.

Die regering is ook direk betrokke by die skep van indiensname benewens die bestaande staatsamptenare wat in die Staatsdiens werk. Die uitgebreide openbare werke-program, wat sedert 2003 bestaan, het werksgeleenthede aan miljoene mense verskaf.

Dié regering het meer onlangs en in reaksie op die verwoestende ekonomiese impak van die KOVID-19-pandemie, toesig oor die mees beduidende verbreding van staatsindiensname in ons land se geskiedenis gehou.

Die presidensiële werkskeppingstimulus het in slegs 16 maande meer as 850 000 geleenthede ondersteun. Ons verskaf, bykomend tot die uitbreiding van staatsindiensneming, ook ondersteuning aan werklose jeug om hulle vir indiensneming voor te berei, hulle meer aanstelbaar te maak en hulle met geleenthede te skakel.

Daar is baie ander maniere waarop die regering direk bydra tot werkskepping, waaronder grootskaalse beleggings in infrastruktuur, die skep van spesiale ekonomiese sones en die ondersteuning van arbeidsintensiewe groeinywerhede.

Daar word dié jaar spesiaal gefokus op klein-, medium- en mikro-ondernemings, koöperasies en die

informele sektor.

Ons maak "terugwipfinansiering" meer toeganklik vir klein besighede deur die herontwerp van die leningwaarborgskema wat ons in die vroeë maande van die KOVID-19-pandemie bekend gestel het.

Ons brei die indiensnamebelastingaansporing uit en kyk na verskeie ander regulatoriese veranderinge om dit makliker te maak vir klein ondernemings om meer mense aan te stel.

Soos wat ek in die Staatsrede aangedui het, is hierdie sommige van die maatreëls wat ons as die regering tans neem "om die toestande te skep wat die privaatsektor – beide groot en klein ondernemings – in staat sal stel om te ontwikkel, te groei, toegang tot nuwe markte te verkry, nuwe produkte te skep en meer werknemers aan te stel".

Die privaatsektor is verantwoordelik vir die indiensname van sowat driekwart van Suid-Afrika se werkers en is verantwoordelik vir meer as twee-derdes van beleggings asook navorsing- en ontwikkelingsbesteding.

Tesame met 'n bekwame en ontwikkelingsstaat, benodig ons land dus ook 'n floreerende privaatsektor wat in produktiewe kapasiteit belê. Meer lewensbestane word ondersteun en volhou namate privaatsektorindiensname uitbrei. Goedere en dienste word teen 'n groter skaal gelewer en die demokratiese staat kan meer inkomste vir maatskaplike ontwikkeling inwin.

Die "Gereed om te regeer"-dokument stel dat die staat se rol "op buigbare wyse aangepas behoort te word tot die nasionale ekonomie se behoeftes", hetsy dit is om die staatssektor op strategiese gebiede uit te brei of dit in ander gebiede in te kort.

Ons sal nie só 'n ekonomie bereik sonder beide 'n sterk en bekwame ontwikkelingsstaat en 'n inklusiewe, snelgroeiende privaatsektor nie. Ons behoort nie gevra te word om die een of die ander te kies nie. Ons benodig beide.